Notule van Algemene Jaarvergadering van Durbanville Skietklub, gehou op 16 Februarie 2008 by die klubhuis om 13:00.

1. OPENING
   Voorsitter, I J Pretorius, heet almal welkom en verklaar die vergadering geopen.

2. VERSKONINGS
   G Britz, C Kotze, M Bonnin, ABC Human, J Posthumus, G Joubert, G Bauer, R van Gijsen en R Dell'Erba.

3. VORIGE NOTULE
   Word as gelees en korrek beskou. Voorgestel deur T Theron, Sekondant P Olivier.

4. SAKE UIT VORIGE NOTULE
   Geen

5. FINANSIËLE STATE
   W Welsh lewer verslag.

   Hy stel voor dat intree fooi verhoog word na R350 en ledegeld na R300. Algemeen so aanvaar. Sekondante H du Toit en H Heydenrych.

   Hy stel voor dat I Smit en Vennote aangestel word as die klub se ouditeure Sekondante H du Toit en D Hayward.

   J Crafford stel voor dat ledegeld vir lede bo 65 jaar behou word op R250 en dat lewenslange lidmaatskap gegee word aan persone bokant 75 jaar wat aktief is en al 10 jaar of langer aan die klub behoort. Algemeen aanvaar. Hierdie besluit kan in die toekoms herroep word indien nodig.

6. ALGEMEEN

   6.1 Baffels op 200 meter baan: Kobus Visser gee oorsig en wys skyfies van hoe so 'n struktuur gebruik word op skietbane in Europa. Daar word besluit om voort te gaan met die projek. Kobus Visser en Sakkie Pretorius sal met SABS skakel om hul goedkeuring te kry.

7. VOORSITTERS VERSLAG

   Word as gelees beskou.
   Sakkie Pretorius spreek sy dank uit teenoor bestuur en almal wat meegehelp het om van die klub 'n sukses te maak.
   Goedgekeur: T Joubert, sekondant D Hayward.

   DSK is vanjaar 30 jaar oud. Tom Joubert vertel hoe die klub ontstaan het.

8. VERKIESING VAN BESTUUR.

Voorsitter: Willem Welsh
O/Voorsitter: Jackie Crafford
Sekretaris: Sakkie Pretorius
Tesourier: Hubert Heydenrych

Die res van die huidige bestuur word weer verkies behalwe Elmo Scheffer en Tom Joubert wat bedank. A Pretorius en C Cartmill word in hul plek verkies.
Die volgende persone het tekenmagte: W Welsh, J Crafford, I Pretorius en H Heydenrych. Mnr JJ le Roux is oorlede – sy tekenmagte moet dus gekanselleer word.

9. AFSLUITING

Willem Welsh bedank Sakkie Pretorius wat die afgelope 3 jaar voorsitter was. Hy noem dat Sakkie spesiale kwaliteite het wat ook gehelp het om die klub die afgelope 3 jaar geweldig laat groei het. Hy versoek dat Sakkie ook sal voortgaan om as skakelbeampte op te tree wanneer dit nodig blyk te wees.
Willem rig ook ‘n versoek aan almal om met voorstelle te kom om die diens by die klub te verbeter.

H du Toit spreek sy dank uit en noem dat die transformasie wat die afgelope 3 jaar by die klub plaasgevind het te wyte is aan goeie bestuur en goeie besluitneming.
Hy stel voor dat Lewenslange Ere-lidmaatskap toegeken word aan P Olivier, B Bellingan, I J Pretorius en J Crafford. Goedgekeur.

Die vergadering verdaag om 14:15.

VOORSITTER: _____

SEKRETARIS: _____